



PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA

Hoofbeampte:

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Ds AH Minnaar

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

12/8/3615/1

021 957 7104
pensioen@kaapkerk.co.za
www.ppfkaapkerk.co.za

30 Maart 2020

OMSENDBRIF AAN LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS

Die Covid-19 pandemie het Suid-Afrika nou ook in alle erns getref. Wat 'n totale inperking alles inhou, kan niemand presies sê nie. Sterkte vir die reuse rol wat jy as predikant in hierdie tyd sal moet vervul.

Die Pensioenfonds is ook swaar getref. Die volle impak moet nog bereken word. Daar was egter al voorheen sulke groot verliese. Die geskiedenis wys gelukkig dat herstel moontlik is. In die verlede het die herstel binne twee tot drie jaar plaasgevind en bo-gemiddelde opbrengs is tydens so 'n herstelperiode verdien. Die geskiedenis kan egter nooit die toekoms waarborg nie. Ons weet gewoon nie wat om te verwag nie en kan geen verwagting skep nie.

Met hierdie skrywe probeer ek om op enkele vrae te antwoord.

Vraag 1: Ek wou op 31 Maart aftree. Watter opsies is daar?

Praat asseblief met jou finansiële adviseur! Van die opsies is om wel te emeriteer, maar nie dadelik jou pensioen te neem nie. Leef 'n maand of drie uit spaargeld ten einde die finansiële mark 'n kans te gee om te stabiliseer. Iemand wat nou 'n pensioen koop, realiseer die verlies in die mark. Die PPF se in-fonds lewende annuïteit bied die moontlikheid om te deel in die moontlike herstel van die mark (sien ook vraag 4 hier onder). Gesels asseblief dringend met jou finansiële adviseur of kontak die finansiële adviseurs wat die PPF aanbeveel:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningsdienste (**Estian Visagie**) – [PPF5a](#)

Sanlam FinPrufe Bluestar (**George de Kock**) – [PPF5b](#)

Die PPF se opbrengs (mag mens dit so noem?) word maandeliks bereken. Sommige lede wil dit uiteraard daagliks sien. Dit is ongelukkig nie tans moontlik nie. Ek wil waag om te sê: gelukkig ook nie! Langtermyn beleggingskeuses kan nie gemaak word op die uurlikse of daaglikse bewegings in die mark nie.

Vraag 2: Wat moet 'n gemeente (as werkgever) doen as hulle vanweë die finansiële krisis nie meer die pensioenfondsbydrae kan betaal nie?

Die **slegte nuus** is dat Artikel 13A van die Pensioenfondswet vereis dat die volle bydrae tot die pensioenfonds binne sewe dae ná maandeinde deur die administrateur ontvang moet word.

Nie-nakoming hiervan is 'n strafregtelike oortreding en elke fidusiêre beampte van die gemeente (mense wat betrokke is by die finansiële bestuur van die gemeente), kan persoonlik aanspreeklik gehou word vir die betaling van die bydraes. Die wet maak voorsiening vir 'n boete van tot R10 miljoen of tronkstraf van tien jaar of albei vir so 'n oortreding.

Die **goeie nuus** is egter dat dit wetlik moontlik is om dadelik verligting te kry. Die pensioenfonds bied verskillende bydraevlakke – van 4,5% tot 21,5%. In die 4,5% bydraevlak is die bydrae tot die Predikante Pensioenfonds minimaal, maar die risikodekking (vir lewensversekering en ongeskiktheid) bly onveranderd.

Sien: https://www.ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/21_Pensioen.pdf

Gemeentes wat dit nie meer kan bekostig om die volle pensioenfondsbydrae te kan betaal nie, kan (met die normale kerkordelike riglyne van konsultasie) met die predikant konsulteer om die pensioenfondsbydrae **tydelik** na 'n laer bydraevlak te verminder. Die pensioenfondskantoor moet dan hiervan in kennis gestel word. Sodanige kennisgewing moet voor op die 17^{de} van die maand ontvang word.

Vraag 3: Watter opsies het 'n lid van die pensioenfonds ten opsigte van beleggingskeuses?

Elke PPF-lid se pensioenfondsbydrae word in 'n spesifieke **lewensfase model** belê. Daar is drie lewensfase modelle: 'n **Verstek** lewensfase model; 'n lewensfase model vir 'n **lewende annuïteit** en 'n model volgens **eie keuse**.

Lede is **OUTOMATIES** in die verstek model. Lede kan **KIES** om na die lewensfase model vir 'n lewende annuïteit oor te skuif. Lede kan ook hulle eie model saamstel deur 'n keuse van portefeuljes en die blootstelling aan elkeen te maak. Hierdie keuse kan enige tyd gedoen word. Keuses kan nie terugwerkend gedoen word nie.

Elke lewensfase model bestaan weer uit 'n bepaalde **portefeulje** of 'n **kombinasie** van portefeuljes. Soos wat lede naderkom aan hulle aftrede, verander die blootstelling aan die verskillende portefeuljes in 'n spesifieke model. Die drie portefeuljes is die **langtermyn** portefeulje, die **konserwatiewe** portefeulje en **inkomstebeskerming** portefeulje.

Elke verandering deur die lid aangevra kos tans **R399,00** (BTW ingesluit). Hierdie koste word van 'n lid se fondswaarde verhaal. Veranderinge word maandeliks op 'n lid se keuse van model toegepas. 'n Opdrag wat voor die einde van 'n maand ontvang word, sal vanaf die daaropvolgende maand geïmplementeer word. Waar veranderinge aan die blootstelling aan 'n portefeulje oor die jare verander (volgens die model se samestelling) is die wysiging **gratis**. Een wysiging per jaar is ook gratis. Koste is dus slegs 'n faktor as die lid meer as een keer per jaar van model verander en elke keer as hy of sy weer aan die samestelling van die model verander.

'n Meer volledige inligtingstuk oor beleggingskeuses en die vorm wat gebruik moet word, is op die pensioenfonds se webwerf beskikbaar: <https://www.ppfkaapkerk.co.za/>

Sien Vorms en dan Beleggingskeuses: <https://www.ppfkaapkerk.co.za/vorms/#Keuses>

Vraag 4: Gaan die mark weer herstel?

Ons weet nie. Maar lees gerus Alexander Forbes se insiggewende artikel: http://ppfkaapkerk.co.za/ppfdoks/AF_History_Recoveries.pdf

Seënwense in hierdie grendeltyd.



Ds AH (Bossie) Minnaar

Hoofbeampte
Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA
Registrasienumer: 12/8/3615/1
Privaatsak X8, Bellville 7535
021 957 7104 | 083 270 5211
bossie@kaapkerk.co.za
<https://www.ppfkaapkerk.co.za>